# IN MEMORIAM

## HULDEBLYK AAN PROF C P T NAUDÉ
## (17.08.1912 - 10.08.2001)

*D M Kriel (Universiteit van Suid-Afrika, Emeritus)*

Professor Naude is vanjaar op 10 Augustus oorlede - een week voordat hy sy negeen-tagtigste verjaarsdag sou gevier het.

Hy het 'n soliede loopbaan as klassikus gehad, eers as student en toe as dosent aan Wits; in 1955 promoveer hy onder prof Den Boer te Leiden met 'n proefskrif oor *Ammianus Marcellinus in die Lig van die Antieke Geskiedskrywing* wat - al was dit in Afrikaans geskryf - internasionaal hoog aangeskryf is (en nog word). In 1963, toe hy reeds vier jaar lank senior lektor in Klassieke Tale by Unisa was, is hy bevorder tot professor - die eerste volwaardige professor in Antieke Geskiedenis in Suid-Afrika. Hy het ook die KVSA baie, baie jare lank in verskeie hoedanighede gedien, en hy en prof Gonin was lank die twee steunpilare van *Acta Classica*.

Maar ons wat met hom saamgewerk het, ons wat die voorreg gehad het om sy vriende te wees, sal hom bowe-al onthou vir sy *humanitas*, sy beskeidenheid, sy bedagsaamheid, sy "*wry sense of humour*". Toe sy kollegas hom in 1993 vereer het met die bundel *Charistion*, het Ursula Vogel haar huldeblyk afgesluit met 'n aanhaling uit Chaucer wat net so oor Charl Naudé geskryf kon gewees het:

*And though so much distinguished, he was wise*
*And in his bearing gentle as a maid.*
*He never yet a boorish thing had said*
*In all his life to any, come what might:*
*he was a true, a perfect knight.*

Met reg het sy familie op die voorblad van die begrafnisprogram bygevoeg:

*Sola morte dolorem attulit.*
"Slegs deur sy dood het hy ooit leed veroorsaak."